# DIE SKIETLOOD

249e Uitgawe 17 April 2026
saam met Koersvas 249

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**
**Sondag 5**
**Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?**
**Antwoord: Nee, want eerstens wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie** (*Esegiël 18:4 "Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf."; Genesis 3:17 "Vir die mens het die Here God gesê: "Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, "is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank;"*). **Tweedens kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie** (*Nahum 1:6 "Wie kan bly staan voor sy woede? Wie kan sy gloeiende toorn weerstaan? Sy gramskap breek deur soos 'n veldbrand. Rotse word voor Hom uit uitmekaar gebreek."; Psalm 130:3 "As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?"*).

**Kommentaar: Vraag** – Die vraag na die mens se vermoë om vir 'n mens se skuld te betaal, is deels beantwoord. Die spesifieke vraag na enige ander skepsel as middelaar moet ook duidelik gestel en beantwoord word. Kan hierdie middelaar 'n ander "persoon" wees, anders as die mens?

**Kommentaar: Antwoord** – Die moontlikheid van 'n ander skepsel-middelaar anders as die mens, moet totaal ontken word. God gaan nie die straf van die mens op 'n ander skepsel plaas en dan daardie skepsel straf nie. Die skepping is wel aan verganklikheid onderworpe, maar dit is om die mens ter wille te wees.

God se geregtigheid laat nie toe dat een (wese) die sonde pleeg en 'n ander (wese) die straf dra nie. Ons lees in Esegiël 18:20 "*Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra.*" God se geregtigheid eis dat die mens vir die mens se sonde die straf ontvang.

Daarmee saam die tweede deel van die antwoord: Geen tydgebonde skepsel (sterflik) kan die ewige straf verduur wat God se geregtigheid vereis nie. Enige tydgebonde (sterflike) skepsel sal vergaan in tyd, sal nie die ewige straf kan verdra of verduur nie. Die swakheid en tydgebonde aard van enige skepsel staan teenoor die felheid en ewigheid van God se straf. Daar is nie eens 'n sweempie van proporsionaliteit tussen die twee nie.

Geen skepsel se lyding kan genoegsaam wees om die volle straf te betaal en ons verhouding met God te herstel nie. Dit gaan met ander woorde oor meer as net die straf dra, dit is noodsaaklik dat die verhouding met God herstel moet word.

**Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?**
**Antwoord: So een wat 'n ware** (*1 Korintiërs 15:21 "Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom.*") **en regverdige** *(Hebreërs 7:26 "Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele,*") **mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is** (*Jesaja 7:14" Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."; Jesaja 9:5" Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."; Jeremia 23:6 " In sy tyd sal Juda gered word en sal Israel veilig woon. Sy naam sal wees: Die Here regeer regverdig oor ons."; Lukas 11:22 "Maar as daar een kom wat sterker as hy is en hom oorwin, neem hy al die wapens af waarop hy hom verlaat het, en hy verdeel sy besittings as buit*.").

**Kommentaar: Vraag** – Indien nie uit onsself, of deur 'n ander skepsel nie, is die volgende vraag na die moontlikheid van Iemand wat wel die volle prys kan betaal en die verhouding kan herstel.

**Kommentaar: Antwoord** – Hoe sal so 'n verlosser lyk? Daar is drie moontlikhede; 'n skepsel (reeds aangedui as onvoldoende), of God, of beide mens en God. Dit kan nie God wees nie, dit is die mens wat gesondig het, nie God nie. God kan nie God-self straf vir die sonde van die mens nie. Tog moet die middelaar ons straf vir die sonde kan dra en die volle prys (die dood) daarvoor kan betaal. Ons verstaan uit die Bybel is dat God nie kan ly nie en ook nie sterf nie, derhalwe die noodsaak aan 'n middelaar.

Daar is net een moontlikheid en dit is dat die middelaar God en mens moet wees – mens om ons sonde te kan dra, en God om ons sonde weg te kan dra. Wat beteken dit? Hierdie saak sal in Sondag 6 verder ondersoek moet word.